

# WAARNEMING IN DIE GESKIEDENISMETODOLOGIE: TEORIEFORMULERING EN BRONBEPALING

Johann Tempelhoff  
*Departement Geskiedenis*  
*Universiteit van die Noorde*  
*Privaatsak X1106*  
*0727 Sovenga*

When we go to the movies we sit between a camera and a screen. The images that flash before us are fascinating and at times so absorbing that we forget we are real people living in a real world. As Plato pointed out, to ignore the real world because of shadows on a cave wall is a terrible mistake. In the case of film, however, these illusions are, if we deal with them correctly, means toward a more profound understanding of ourselves and our society.

A.A. Berger<sup>1</sup>

## Observation in historical methodology: theory formulation and source creation

There was in the era of modernity, a significant increase in sources necessary for the research and writing of history. The result was that historians found it necessary to make some changes in their methodology. Observations techniques is an area that deserves attention, according to the author. Audio-visual sources are more readily available. Also the apparatus, necessary for the use of the sources, are there.

During and after the Renaissance period observational techniques was used by authors with a historical inclination. In the era of Romanticism, at the beginning of the nineteenth century, a reaction set in. The hermeneutical method of understanding the past prevailed until the start of the twentieth century.

Since then a number of new drifts have emerged in the methodology which require of the historian to be more creative and innovative with the available sources.

In die era van moderniteit was daar 'n aansienlike toename van bronne wat in die navorsing en skryf van geskiedenis gebruik kon word. Dit het meegebring dat historici verskeie veranderinge in hulle metodologie moes aanbring. Waarnemingstechnologie is een terrein wat aandag verdien. Oudio-visuele bronne het makliker verkrygbaar geword. Ook is die apparaat vir die gebruik van dié bronne beskikbaar.

Daar word gewys op die feit dat die waarnemingstechniek gedurende en ná die Renaissance redelik algemeen, ook deur skrywers met 'n historiese inslag, gebruik is. In die era van die Romantiek, aan die begin van die negentiende eeu, het daar egter 'n reaksie ingetree. Die hermeneutiese verstaansmetode het tot aan die begin van die twintigste eeu die botoon gevoer.

Sedertdien het daar nuwe strominge in die metodologie na vore gekom wat, benewens die klassieke benadering, van historici vereis om meer skeppend en vindingryk met hulle bronne om te gaan.

---

1. A.A. Berger, *Film, in Society* (New Brunswick, 1980), p. 18.

## Inleiding

Die aard en omvang van bronne wat deur historici gebruik word ter verheldering van die verlede, het in die twintigste eeu aansienlik uitgebrei.<sup>2</sup> Dit was deels die resultaat van diversiteit wat gevolg het op die aanvaarding van die feit dat wetenskaplike geskiedenis met meer as net die politieke verlede gemoeid is.<sup>3</sup> Geskiedenis het ook deel geword van multi-dissiplinêre navorsing.<sup>4</sup> Daarby het die bronneveld van geskiedenis, as gevolg van die tegnologie, verder uitgebrei.<sup>5</sup> Ontwikkeling in die algemeen het teen so 'n snel tempo plaasgevind dat 'n Nederlandse historikus onlangs tot die gevolgtrekking gekom het dat dit vir die historikus bykans onmoontlik is om 'n wesentlike begrip te vorm van die alledaagse menslike lewenswyse 'n skrale halfeeu gelede.<sup>6</sup>

In die praktyk het 'n situasie ontstaan waarin die hedendaagse historikus 'n magdom bronne bygekry het. Terselfdertyd is die metodologiese toerusting ontoereikend in die ontsluiting en beoordeling van hierdie bronne. Daar bestaan gevolglik 'n gebrek aan betroubare maatstawwe om die geldigheid van beskikbare en ontginbare materiaal vas te stel. In sommige gevalle, byvoorbeeld in die identifisering en verwerking van kwantitatiewe gegewens,<sup>7</sup> of die benutting van mondelinge gegewens,<sup>8</sup> is daar wel doeltreffende metodologiese riglyne neergelê. Tog bly daar, in die lig van die nuwe ontwikkelinge wat plaasgevind het, steeds 'n behoefte om die metodiek verder uit te brei. Terselfdertyd is dit nodig om bepaalde tegnieke, wat voorheen net periferaal aangewend is, weer eens van naderby te bestudeer en moontlik aan te wend. Die tegniek van waarneming in geskiedenismetodologie, is een terrein wat toeligting regverdig. In die bespreking wat volg sal op enkele aspekte daarvan aandag gegee word.

- 
2. Die skrywer is 'n woord van dank verskuldig aan Elise Tempelhoff en kollega prof. Louis Changuan wat die teks gelees en konstruktiewe kommentaar gelewer het. Hulle het ook die nodige aanmoediging gegee toe dit by geleentheid aan die nodige ondernemingsgees ontbreek het.  
A. Marwick, *The nature of history* (Derde uitgawe, Londen, 1989), p. 89; P. Burke (red.), *New perspectives on historical writing* (Oxford, 1991), pp. 1-3.  
A. Marwick, *The nature of history*, p. 302; G.G. Iggers, *New directions in European historiography* (Hersiene uitgawe, Londen, 1985), pp. 181-182.  
J. Barzun en H. Graff, *The modern researcher* (Vierde uitgawe, San Diego, 1985), p. 233; H.E. Barnes, *A history of historical writing* (Tweede uitgawe, New York, 1963) p. 371.  
H.W. von der Dunk, "De onuitroeibare funksies van die geskiedenis", in *Algemeen-Nederlands Tweemaandelijks kultureel tydskrif: Ons Erfdeel*, 36(1), 1993, p. 70.  
Daar het in onlangse jare 'n verskuiwing weg van kwantitatiewe (kliometrie) na kwalitatiewe geskiedenis plaasgevind. Kyk F.A. van Jaarsveld, *Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, hede en toekoms* (Pretoria, 1992), pp. 260-269. Tog is kwantitatiewe geskiedenis verteenwoordigend van 'n interessante tyd in die ontwikkeling van die metodologie. Vir 'n aanduiding van die ontwikkelingstendense, kyk E. Shorter, *The historian and the computer: A practical guide* (Englewood Cliffs, 1971); G. Barraclough, "History: The impact of the social sciences", in J. Havet en A.M. M'Bow (reds.), *Main trends of research in the social and human sciences 2(1): Anthropology and historical sciences aesthetics and the sciences of art* (Den Haag, 1978), pp. 312-317; R. Floud, *An introduction to quantitative methods for historians* (Tweede uitgawe, Bungay, 1979); D. Herlihy, "Numerical and formal analysis in European history", en A.B. Bogue, "Numerical and formal analysis in United States history", in *Journal of Interdisciplinary history* 12(1), 1981; W.O. Aydelotte, A.G. Bogue en R.W. Fogel (reds.), *The dimensions of quantitative research in history* (Londen, 1972).
  8. Kyk onder meer J. Vansina, *Oral tradition: A study in historical methodology* (Harmondsworth, 1965). Die eerste uitgawe van dié werk het reeds in 1961 verskyn onder die titel *De la Tradition Orale: Essai de Methode Historique*. Hierdie werk is onlangs opnuut uitgegee as J. Vansina, *Oral tradition as history* (Londen, 1988); A. Seldon en J. Pappworth, *By word of mouth: 'Elite' oral history* (Londen, 1983); P. Thompson, *The voice of the past* (Oxford, 1978).

## Begripsdefiniëring en terreinomskrywing

Ten aanvang is dit nodig om enkele begrippe te definieer. *Geskiedenis* word beskou as die studie, binne die raamwerk van bepaalde wetenskaplik metodologiese riglyne, van die mens in tyd-ruimtelike verband, met inagneming van die veranderingsverskynsel. Onder *metodologie* word verstaan die diskoers en werkswyse wat in wetenskaplike ondersoek gebruik word om behulpsaam te wees in die bepaling van die mate waarin bepaalde metodes toereikend is om akkurate gevolgtrekkings oor probleemstellings te maak.<sup>9</sup> *Geskiedenismetodologie* is die sistematiese korpus van beginsels en reëls wat ontwikkel is om bruikbaar te wees met die insameling van bronnemateriaal, die evaluering daarvan en die daarstelling van 'n sintese (gewoonlik in 'n geskrewe vorm) oor die resultate wat verkry is.<sup>10</sup> Een van die sleutelkomponente van hierdie metodologie kom neer op die begrip verstaan wat impliseer die *historiese verstaansproses* wat alleen kan plaasvind deur die interpretasie van die verlate aan die hand van betroubare bronne asook die evaluering en sistematiese onderwerpings daarvan aan kritiek. So byvoorbeeld kan 'n visuele bron alleen verstaan word indien die denke, wat onderliggend is aan die kommunikasiebeeld, in eie reg verstaan word.<sup>11</sup> 'n Belangrike onderdeel van hierdie verstaansproses is metodologies gesetel in die kognitiewe en kulturele antropologie,<sup>12</sup> maar veral die semiotiek,<sup>13</sup> soos geformuleer deur die Switserse linguis Ferdinand de Saussure (1857-1913) en die Amerikaanse filosoof Charles S. Peirce (1839-1914), Roland Barthes (1915-1980) en toegepas is deur onder meer die filosoof Michel Foucault (1926-1984).<sup>14</sup>

*Tegniek* is die vaardigheid wat vir die uitvoering van 'n taak nodig is, of die wyse waarop gegewens bewerk word.<sup>15</sup> Waarneming is in wese 'n tegniek in die metodologie van die geskiedenis. *Waarneming*, die sleutelkomponent in die onderwerp onder bespreking, is afgelei uit die Middelnederlands en Oud-Hoogduits<sup>16</sup> en het, in die konteks waarin die begrip hier aangewend word, betrekking op gewaar word, sien, opmerk, ag slaan op, beskou, nagaan en gadeslaan.<sup>17</sup> Die Engelstalige *observe* is uit die Latynse *observatio* afgelei en kan, volgens Postma, op sintuiglike (*sensibus percipere*) en

---

K. Krippendorff, "Reconstructing (some) communication research methods", in F. Steier (red.), *Research and reflexivity* (Londen, 1991), p. 124.

10. G.J. Garraghan, *A guide to historical method* (Herdruk van die 1946 uitgawe, Westport, 1973), p. 33.
11. R. Scruton, "Photography and representation", in *Critical Inquiry* 7(3), 1981, p. 581.
12. Oor waarneming in onderskeidelik die antropologie en die kultuurgeskiedenis kyk o.m. E. Leach, "Tribal ethnography: Past, present, future", in E. Tonkin, M. McDonald en M. Chapman (reds.), *History and ethnicity* (Londen, 1989), p. 37; B. Kempers, "De verleiding van het beeld. Het visuele als blijvende bron van inspiratie in het werk van Huizinga", in *Tijdschrift voor Geschiedenis*, 105 (1), 1992, pp. 31, 34; P. Burke, *History and social theory* (Cambridge, 1992), p. 45.
13. Vir meer oor die semiotiek kyk E. Seiter, "Semiotics, structuralism, and television", in R.C. Allen (red.), *Channels of discourse, reassembled: Television and contemporary criticism* (Tweede uitgawe, Chapel Hill, 1992), p. 32.  
Vir 'n bondige uiteensetting van sy benadering tot die geskiedenis, kyk C. Tilley, "Michel Foucault: Towards an archaeology of archaeology", in C. Tilley (red.), *Reading material culture: Structuralism, hermeneutics and post-structuralism* (Oxford, 1990), p. 305.
15. P.C. Schoonees, C.J. Swanepoel, S.J. du Toit en C.M. Booysen (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Vyfde druk, Klerksdorp, 1973), p. 878.
16. N. van Wijk (red.), *Franck's etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal* (Tweede druk, Den Haag, 1980), p. 769.  
M.S.B. Kritzinger, F.J. Labuschagne en P. de V. Pienaar (reds.), *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (Sesde uitgawe, Pretoria, 1977), p. 1226.

verstandelike (*animadvertere, cognoscere*) waarneming van toepassing gemaak word.<sup>18</sup>

Vanweë die omvangrykheid van die onderwerp, veral gesien teen die agtergrond van die betreklik onlangse ontwikkeling in die geskiedenis van die liggaam,<sup>19</sup> word in hierdie studie onregstreeks op twee aspekte van sintuiglike waarneming gekonsentreer, te wete die audio en die visuele, aangesien dit juis op hierdie terreine is waar daar 'n metodologiese behoefte vir opheldering en uitklaring bestaan.<sup>20</sup> In die besonder word op nie-statische audio-visuele bronne gekonsentreer. Daar word van die standpunt uitgegaan dat byvoorbeeld die foto, skildery of skets 'n statiese (of grafiese)<sup>21</sup> visuele bron is, terwyl die film (waaronder ook video- en televisiefilm gereken word) wat in werklikheid 'n aaneenskakeling van foto's is, 'n nie-statische visuele bron verteenwoordig. Wat audio-bronne betref, word aanvaar dat byvoorbeeld 'n toonvurk 'n statiese klank verteenwoordig, terwyl die band-, of plaatopname verteenwoordigend is van 'n nie-statische bron.

Vanweë die omvang van hierdie tipe bronne en dokumentasie wat 'n onderdeel daarvan is, bestaan daar in hierdie stadium nog heelwat onduidelikheid oor die omskrywing en tipologisering. Selfs inligtingwetenskaplikes wat met klassifikasie gemoeid is, ondervind probleme daarmee.<sup>22</sup> Gevolglik sal voorlopig by die konsepte nie-statische audio-visuele waarnemingsbronne volstaan word. Hoewel daar nie regstreeks na hierdie tipe bronne verwys word nie, word aanvaar dat die leser dit so sal interpreteer.

## Die tradisie van waarneming

Waarneming het 'n lang tradisie in die ideeëgeskiedenis van die Westerse beskawing. Dit is reeds in die klassieke tyd deur Aristoteles gebruik om die studie van die natuur te bevorder. Vroeër was naturalistiese waarnemings gebaseer op 'n breë verskeidenheid van algemene hipoteses en spekulatiewe teorieë wat nie aan die hand van empiriese feite getoets was nie. Aristoteles het ingesien dat mense wat in die kuns van die redenasie (*logos*) opgelei was, nie feite bestudeer het nie. Hulle was geneig om standpunt in te neem, bloot uit hoofde van 'n paar informele waarnemings. Om voortydige teoretisering te voorkom, het hy gepleit, moet relevante "voorkomste" (*phainomena*), die klaarblyklike waarnemings, eers bestudeer word. Eers dan kon teorieë geformuleer word.<sup>23</sup> Die Griekse filosoof, historikus en sterrekundige, Poseidonius (135-51 vC),<sup>24</sup> was in die eerste eeu voor die geboorte van Christus verantwoordelik vir een van die vroegste waarnemingstudies, toe hy

---

18. F. Postma, *Woordeboek Afrikaans-Latyns* (Pretoria, 1937), p. 359.

19. Michel Foucault het aan hierdie rigting in die geskiedenis gestalte gegee. Tog is sy werke daaroor, beskou vanuit die dissipline van geskiedenis, onbevredigend. Van die jongste voorbeelde, wat verwant is aan antropometriese geskiedenis, is J.C. Riley, "Height, nutrition, and mortality risk reconsidered", en J. Komlos, "The nutritional status of French students", in *The Journal of Interdisciplinary History* 14(3), 1994, pp. 465-492 en 493-508. Kyk ook R. Porter, "History of the body", in P. Burke (red.), *New perspectives on historical writing*, pp. 206-232.

20. Oor die gebrekkige benutting en tekort aan kundigheid oor die waarde van visuele bronne, kyk I. Gaskell, "History of images", in P. Burke (red.), *New perspectives on historical writing*, pp. 168, 189-190.

Garraghan tref die onderskeid tussen grafiese en fotografiese bronne. Film word onder die fotografiese geklassifiseer. Kyk G.J. Garraghan, *A guide to historical method*, p. 122.

22. J. Walters, "Information retrieval from audio-visual material in the South African film", in *Archives News* 31(7), 1989, pp. 4-5.

23. T. Irwin, *A history of Western Philosophy: 1 Classical Thought* (Oxford, 1989), pp. 119-120.

24. J. Daintith, S. Mitchell en E. Tootill, *A biographical encyclopedia of scientists*, Vol. 2 (New York, 1981), p. 649.

hom op 'n beskrywing van die kultuur van die Kelte en Galliërs toegespits het.<sup>25</sup>

In die Middeleeue het waarneming, weens 'n klaarblyklike engagement met 'n teosentriese benadering tot die wetenskap, nie tot sy reg gekom nie.<sup>26</sup>

Gedurende die Renaissance het 'n verandering in opvatting plaasgevind toe daar begin is om weer eens van waarneming as tegniek gebruik te maak. Dit was egter by uitnemendheid met die natuurwetenskap verbind. Terselfdertyd het dit ook in die kontemporêre tegnologie, soos die daarstelling van instrumente vir navigasiedoeleindes, beslag gekry. Wetenskaplikes van die Renaissance het onder waarneming verstaan dat tradisionele verklarings oor die gedrag van die natuur empiries gedemonstreer moet word. Daar is aanvaar dat sulke verklarings wel verkeerd kon wees. Gevolglik is van die standpunt uitgegaan dat nuwe inligting bekend gestel moes word as daar verby die oppervlakkige voorkoms van dinge gekyk word. Daar is selfs so ver gegaan om instrumente te vervaardig en te ontwikkel om die waarnemingsproses gedienstig te wees.<sup>27</sup>

Die tydperk is gekenmerk deur skeptisisme en 'n kritiese ingesteldheid by toonaangewende denkers, soos onder andere Francis Bacon (1561-1626). Praktiese waarneming is gesien as die boustof van die wetenskap. Bacon het op noukeurigheid, die verwerping van enigiets wat nie deur waarneming bewys kan word nie, en die herhaalbaarheid van waarneming, klem gelê.<sup>28</sup> "Eksaktheid" of akkuraatheid was beskou as die uitstaande kenmerk van die nuwe wetenskap. Wiskunde as dissipline het 'n ongekende groei in hierdie tydperk ervaar. Die behoefte aan akkuraatheid en die verwerping, deur Robert Boyle (1627-1691), van die aanname dat towerkragte verantwoordelik was vir die werking van meganiese toerusting,<sup>29</sup> het regstreeks gedien as aansporing vir die Nederlandse sterrekundige Christiaan Huygens (1629-1695) om in 1656 die pendulum-horlosie te ontwikkel.<sup>30</sup> Hierdie instrument het 'n sleutelrol in die daarstelling van akkurate tydswaarneming gespeel.

In die tydperk van die Verligting (*Aufklärung*) het die waarnemingsbeginsel as kriterium vir wetenskaplike aktiwiteit 'n hoogtepunt bereik. Die verwetenskapliking van die menslike bestaanswerklikheid het met die grondlegging van sosiologie en daarna psigologie 'n ongekende vlak van ontwikkeling bereik. Terwyl die formalisering van wetmatige denkpatrone die botoon gevoer het, het 'n reaksie plaasgevind wat baie sterk in die Romantiek na vore gekom het. Die erkenning van kuns as 'n onmeetbare werklikheid, asook die menslike emosies as 'n verskynsel wat nooit "wetenskaplik" gepeil kan word nie, het die kille logika van die Verligtingsdenke vertroebel. In die geskiedenis as dissipline, wat sedert klassieke tye saam met poësie, komedie, tragedie, musiek, dans en astronomie, as een van die sewe kunste uitgesonder was, het daar ook 'n reaksie posgevat.

- 
25. E.R. Dodds, "Progress in classical antiquity", in P.P. Wiener (red.), *Dictionary of the history of ideas: Studies of selected pivotal ideas III* (New York, 1973), p. 630.
  26. R. Ergang, *Europe: From the Renaissance to Waterloo* (Derde uitgawe, Lexington, 1967), p. 356.
  27. S.E. Stumpf, *Socrates to Sartre: A history of philosophy* (Vierde uitgawe, New York, 1988), pp. 216-217.
  28. J.F. Brennan, *History and systems of psychology* (Englewood Cliffs, 1982), pp. 75-76.
  29. G.J. Whitrow, *Time in history: Views of time from prehistory to the present day* (Oxford, 1989), p. 122.
  30. G.J. Whitrow, *Time in history: Views of time from prehistory to the present day*, p. 122; R. Ergang, *Europe: From the Renaissance to Waterloo*, p. 356.

## Die verset van geskiedenis teen waarneming

Dit was juis as gevolg van die rasionele positivisme van die Verligting dat daar aan die kant van Leopold von Ranke 'n verset gekom het. Die krities-hermeneutiese verstaansmetode het lynreg met die rasionaliteit van die natuurwetenskap gebots. Die eenmalige onherhaalbare gebeurtenis asook die individualiteit van die mens as denkende wese, in die raamwerk van Ranke se denke, het eenvoudig pogings tot die formulering van wetmatigheid in die verlede verfydel. Dit was 'n geslaagde verset in die sin dat die historiese verstaansproses 'n absolute oorwinning behaal het.

Tot omstreeks die vyftigerjare van die negentiende eeu was historisme as 'n integrale onderdeel van die menswetenskappe en selfs die natuurwetenskappe beskou. Hierdie benadering het van die standpunt uitgegaan dat alles slegs deur die historiese verstaansproses deurvors kon word. Slegs deur die historiese verloop van ontwikkeling aan te dui, kon die nuwe tendense in konteks gesien word. Die bevraagtekening van historisme deur onder andere Schopenhauer en Nietzsche het tot die dekonstruksie van historisme as algemene wetenskaplike riglyn aanleiding gegee.<sup>31</sup>

Ofskoon hul dissipline onder verdenking gekom het, het historici hulle oënskyklik nie veel daaraan gesteur nie. Hulle het steeds by wyse van gespesialiseerde arbeid op die hermeneuties-kritiese verstaansmetode van die geskiedenis voort geborduur. Daarvolgens was waarneming nie 'n belangrike faktor in die deurvorsing van die verlede nie. Skrywers wys tereg daarop dat die navolgers van Von Ranke in baie opsigte, meer as hyself, ekstreem was. Terwyl Von Ranke byvoorbeeld sosiale geskiedenis ('n dissipline waarin daar bepaald van waarneming as tegniek gebruik gemaak word) nie regstreeks van die hand gewys het nie, het sy volgelinge dit geignoreer. Die rigting wat hy aangedui het, was waarskynlik 'n sleutelfaktor. Von Ranke was uiteraard meer daarop ingestel om die geskiedenis van die staat, veral die nasionale staat, na te speur.<sup>32</sup> Hierdie voorbeeld sou regdeur die wêreld tot diep in die twintigste eeu nagevolg word.

## Perspektiewe in ander wetenskappe oor waarneming

Oor die jare het benaderings tot waarneming in die wetenskap betreklik konstant gebly. Daar is tradisioneel van die standpunt uitgegaan dat die prosedure moet neerkom op waarneming-hipotese-wetmatigheid. Meer gesofistikeerde benaderings het egter ook posgevat. In terme van die wetenskapsleer word daar tans byvoorbeeld in die natuurwetenskap vrylik na *observational science* as outonome vertakking verwys. Dit is wetenskappe soos astronomie, klimatologie en geologie, waarin die herhaling van 'n bepaalde situasie onmoontlik is. Die enigste werklike akkuraatheid waaroor beskik word, berus op beskrywings wat van waarnemings gemaak is. Hierdie waarnemings is vanselfsprekend in die verlede gemaak.<sup>33</sup> Die gebrek aan die vermoë om 'n bepaalde verskynsel wat waargeneem is te herhaal, onder byvoorbeeld laboratorium-omstandighede,

- 
31. H. Schnaedelbach, *Philosophy in Germany 1831-1933* (Cambridge, 1984), pp. 33-65; D. Lowenthal, *The past is a foreign country* (Cambridge, 1988), p. 65.
  32. P. Burke, *History and social theory* (Cambridge, 1992), p. 3; F. Gilbert, *History: Politics or Culture? Reflections on Ranke and Burckhardt* (Princeton, 1990), p. 11; P. Burke, "Overture: The New History, its past and its future", in P. Burke (red.), *New perspectives on historical writing*, pp. 2-3.
  33. P.W. Bridgman en G. Holton, "Science", in S.B. Parker (red.), *McGraw-Hill encyclopedia of science and technology*, Vol. XVI (Sesde uitgawe, New York, 1987), p. 109; Kyk ook E. Popich, "Observing weather and climate", in *Conserva* 9(2), Februarie 1994, pp. 4-7.

maak van hierdie dissiplines dus "waarnemingswetenskappe".<sup>34</sup> Hulle word gekenmerk deur die klem wat geplaas word op 'n "historiese"- of verledensdimensie. So byvoorbeeld word in die observatorium die astronomiese gewens wat deur waarnemers waargeneem is, aangeteken.<sup>35</sup>

In teenstelling met die natuurwetenskap, waarin die uniekheidsbeginsel erkenning begin geniet het, is waarneming in die sosiale wetenskappe tradisioneel gesien as 'n manier waarop die navorser 'n skakel tussen realiteit en teoretiese aannames kan bewerkstellig. Deur die herhalende reëlmaat in 'n verskynsel te identifiseer, is daar geredenaar, sal dit moontlik wees om teorieë te formuleer.<sup>36</sup> Hoewel hierdie benadering tot waarneming steeds aandag geniet,<sup>37</sup> is dit, selfs in die natuurwetenskappe, nie meer 'n dominante motief in die benutting van die waarnemingstegniek nie.

In 'n dissipline soos byvoorbeeld die psigologie, wat lank 'n betreklike deterministiese metodologie toegeedaan was, is waarneming in onlangse jare omskryf as "...taking note of events or occurrences and making a record of what is observed".<sup>38</sup> Herhaling is dus nie meer 'n voorvereiste nie. In die plek daarvan word kennis geneem van historiese individualiteit. Dit kom daarop neer dat geen omstandighede ooit van so 'n aard is dat 'n bepaalde gebeurtenis of verskynsel noodwendig herhaalbaar is nie. Daar is dus sprake van 'n verindividualiserende bestudering van die onmiddellike verlede.

Hierdie ontwikkelinge spruit in 'n groot mate voort uit die die post-modernistiese beweging wat sedert die begin van die tagtigerjare in die filosofie en linguistiek na vore gekom het. Dit het saamgehang met 'n verset teen misplaaste aannames in die moderne wetenskap oor "absolute waarhede" en die moontlikheid van magsmanipulasie deur middel van tegnologie. Die post-modernisme was ook in wese 'n kulturele verset in die Westerse samelewing teen die verontmensliking van die individu.<sup>39</sup>

In die menswetenskappe wat tradisioneel as deterministies uitgesonder is, het die waarnemingstegniek verskeie gesofistikeerde dimensies bygekry. Tans word begrippe soos kennis van persepsie sinoniem met waarneming gebruik. Soos waarneming dui albei begrippe op prosesse, maar in 'n meerdere mate op 'n bewussyn. Kennis word gesien as 'n benadering tot die wetenskap waarvan die fenomeen van belang in die eerste plek die beoefening van die wetenskap is, met klem wat in die besonder geplaas word op denke of gedagtes en die manifestasie daarvan in die rasionale denkproses.<sup>40</sup> Persepsie het te make met die "persepsie" van materiële substansie wat energie of "lig" op so 'n wyse uitstraal dat dit waarneembaar is vir bepaalde meganismes wat daarvoor sensitief is. Wanneer hierdie energie geaktiveer word, word 'n elektriese stroom na die brein herlei wat sensasies in die hand werk. As die sensasies gekonseptualiseer word, sal dit moontlik wees om objekte te identifiseer.<sup>41</sup> Ons weet ook dat hierdie half-onbewustelike bewegings van die

---

34. A. Sayer, *Method in social science: A realist approach*, p. 51.

35. K. Popper, *The poverty of historicism* (Herdruk van die tweede uitgawe, Londen, 1976), p. 38.

36. J. Mouton en H.C. Marais, *Basic concepts in the methodology of the social sciences* (Hersiene uitgawe, Pretoria, 1990), p. 162.

37. D. Little, "Evidence and objectivity in the social sciences", in *Social Research* 60(2), 1993, p. 364.

38. L.R. Aiken, "Observational methods", in R.J. Corsini en B.D. Ozaki (reds.), *Encyclopedia of Psychology* (New York, 1984), p. 450.

39. J.R. Wegs, *Europe since 1945: A concise history* (Derde uitgawe, New York, s.d.), pp. 318-319; P.M. Rosenau, *Post-modernism and the social sciences: Insights, inroads, and intrusions* (Princeton, 1992), p. 9.

40. L.A. Suchman, "Representing practice in cognitive science", in *Human Studies* 11(2-3), 1988, p. 306.

41. A. Sayer, *Method in social science: A realist approach* (Tweede uitgawe, Londen, 1993), p. 51.

oog, wat as sakkades bekend staan, sowat 1/20 deel van 'n sekonde duur.<sup>42</sup> Die "gebroke" aaneenskakeling van momentuele persepsies wat by wyse van doelbewuste verstandelike inspanning plaasvind, maak dit moontlik vir die mens om te sien. Waarneming het baie gemeen met beide begrippe. Dit kan egter ook in 'n groter mate vereenselwig word met 'n praktykgerigte tegniek, of 'n doelbewuste proses om tot 'n empiriese kennisveld deur te dring.<sup>43</sup>

## Waarneming in geskiedenis as dissipline

Ondanks die verwetenskapliking wat die geskiedenisdissipline aan die begin van die negentiende eeu ondergaan het, was daar 'n traagheid om aan te pas by die veranderinge wat sedertdien posevat het. Die "massamens" wat Jakob Burckhardt so verag het, het as gevolg van die voortstuwende nywerheidsomwenteling die bourgeoisie prominent op die voorgrond laat tree. Die landelike aard en karakter van die menslike omgewing het verander na een van stedelike en industriële ontwikkeling. Hierdie omstandighede het, danksy die massavervaardiging van toepaslike toerusting, nie net 'n magdom oudio-visuele bronne vir toekomstige historici meegebring nie. Die beskrywing en mededelings oor 'n beleweniswêreld van dit wat uit vergange se tyd dateer, het opnuut relevant geword. Die populêre historiese bewussyn het 'n belangrike plek ingeneem wat in 'n mate die aaneenskakeling van sekwenies van kulturele ervaring in die verlede met die hede moes koppel. Hierdie omstandighede het 'n bestaansreg gegee aan die dissipline van sosiale geskiedenis. Dit sou egter, grootliks weens die onderbenutting van relevante bronne, tot diep in die twintigste eeu verwaarloos bly.<sup>44</sup>

In die twintigste eeu het meer historici, weens tegnologiese ontwikkeling, op 'n verskeidenheid van terreine begin konsentreer. Metodologies het oorsakelingsprobleme na vore gekom nadat uiteenlopende navorsingsterreine ondersoek moes word. Die tradisionele dissipline was nie meer opgewasse om die nuwe vraagstelling aan die verlede te verantwoord nie. Daarby het geskiedenis gevaar geloop om sy identiteit te verloor as gevolg van die uitbreidings wat in ander menswetenskappe aan die orde van die dag was.

Die ander wetenskappe was tot na die Tweede Wêreldoorlog ook dikwels gewikkel in hul eie kokonne en het nouliks na buite gekyk. Trouens 'n waardevolle en belangrike empiriese eksperiment, *Mass Observation*, wat tussen 1937 en 1941 in Brittanje onderneem is, was bedryf deur drie mense in Brittanje wat nie met die institusionele beoefening van sosiale wetenskap gemoeid was nie. Charles Madge was 'n surrealistiese digter en joernalis. Tom Harrison was 'n ornitoloog wat 'n informele belangstelling in antropologie ontwikkel het en Humphrey Jennings was 'n surrealistiese skilder en dokumentêre filmmaker.<sup>45</sup>

Sosioloë en sosiale historici sou eers heelwat later besef wat die waarde was van die inligting wat die "massa waarnemers" ingesamel het. *Mass Observation* het verband gehou met die tegnologiese vooruitgang wat in die dertigerjare in die genre van die dokumentêre film gemaak is. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het *Mass Observation* 'n belangrike rol gespeel in die verfilming van nuusgebeure wat die gedrag van die Britse bevolking

---

42. J. Monaco, *How to read a film: The art, technology, language, history and theory of film and media* (New York, 1981), p. 125.

43. J.F. Brennan, *History and systems of psychology* (Englewood Cliffs, 1982), p. 360.

44. C. Ginsburg, "Checking the evidence: The judge and the historian", in *Critical Inquiry* 18(1), 1991, p. 85.

45. M. Pickering en D. Chaney, "Democracy and communication: Mass observation 1937-1943", in *Journal of Communication* 36(1), 1986, p. 42.



uitgedruk het.<sup>46</sup> Weldra sou die tegnieke wat hulle toegepas het om inligting in te samel tot bemarkingstudies, en veral marknavorsing, aanleiding gee.<sup>47</sup> *Mass Observation* het 'n reuse bydrae gelewer tot die daarstelling van 'n betreklik bevrore tydsegment in die geskiedenis. Die resultaat daarvan, in 'n Suid-Afrikaanse konteks, kan gesien word in die joernalis, Margot Bryant, se publikasie, *As we were: South Africa 1939 to 1941*, wat eers in die sewentigerjare gepubliseer is.<sup>48</sup>

Onderliggend tot die wyse waarop daar na die werklikheid gekyk is, was die besef by sommige historici reeds voor die Tweede Wêreldoorlog dat tegnologiese ontwikkeling, moontlik meer as ideologiese invloed, indringende ondersoek regverdig. Die materiaal wat in die vorm van "nuwe" bronne en dokumentasie beskikbaar was, moes na waarde geskat word. Marc Bloch, een van die uitstaande Franse historici van die eeu, het die saak in sy onvoltooide metodologiese handleiding as volg gestel:

The past is by definition a datum which nothing in the future will change. But the knowledge of the past is something progressive which is constantly transforming and perfecting itself. Anyone who doubts this need only recall how much it has improved under our very eyes in little more than a century.<sup>49</sup>

Die betekenis van hierdie profetiese uitspraak het na 1945 meer inhoud gekry.

Die taak van historici is aansienlik vergemaklik deur 'n meer regstreekse toegang tot middele wat op groter skaal die spore van die verlede kon bewaar. Dit het baie van die voorheen vergesogte ideale van navorsers 'n praktiese werklikheid gemaak. Tog was daar bepaalde leemtes. Terwyl die sosiale historikus en skryfster van die Britse uitsaaigeskiedenis, Asa Briggs,<sup>50</sup> aan die begin van die tagtigerjare met die grootste bewondering voorspel het hoe video-tegnologie die argief meer toeganklik vir die historikus sou maak,<sup>51</sup> het Lowenthal in dieselfde dekade verklaar dat daar steeds onder akademiese 'n groot behoefte bestaan om in die verlede te kan "sien".<sup>52</sup> Gegewe hierdie "versugting" kan met reg gevra word: In welke mate is dit wel moontlik om te kan waarneem wat in die verlede gebeur het?

Die algemene benadering tot waarneming in die dissipline van geskiedenis blyk uit die standaard metodologiese handleiding tot op hede betreklik eenvormig te wees. Daar word aanvaar dat die werksmetode berus op waarneming-hipotese-teorie. Skrywers soos Shafer,<sup>53</sup> Hockett<sup>54</sup> en Garraghan<sup>55</sup> beklemtoon terselfdertyd dat daar net "onregstreeks"

- 
46. M. Pickering en D. Chaney, "Democracy and communication: Mass observation 1937-1943", in *Journal of Communication* 36(1), 1986, pp. 52-53; D. Sheridan, "Mass observing the British", in *History Today* 34(7), Julie 1984, pp. 42-46.
  47. A. Calder, "The people's history of the war. The contemporary record: Mass-observation", Bylaag tot *History Today* 32(12), Desember 1982 (geen bladsynommers in bylaag).
  48. Eerste uitgawe, Johannesburg, 1974.
  49. M. Bloch, *The historian's craft* (Herdruk van 1954 uitgawe, Manchester, 1967), p. 58.
  50. W.R. Ward, "Asa Briggs", in J. Cannon, R.H.C. Davis, W. Doyle en J.P. Greene (reds.), *The Blackwell dictionary of historians* (Oxford, 1988), pp. 51-52.
  51. A. Briggs, "Source for the future", Resensie van B. Paulu, *Television and radio in the United Kingdom* (Londen, 1981), in *Journal of Communication* 33(4), 1983, p. 79.
  52. D. Lowenthal, *The past is a foreign country*, p. 22.
  53. R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method* (Derde uitgawe, Homewood, 1980), pp. 153-155.
  54. H.C. Hockett, *The critical method in historical research and writing* (Elfde druk, New York, 1970), pp. 7-8.
  55. G.J. Garraghan, *A guide to historical method*, p. 41.

of "indirek" waargeneem kan word. Hierdie benadering het daartoe aanleiding gegee dat 'n onderskeid getref word tussen historiese en "wetenskaplike" waarneming. Allen en Gomery gaan byvoorbeeld van die standpunt uit dat die wyse waarop die fisikus (as wetenskaplike) waarneem vreemd is aan die historikus. Laasgenoemde se waarneming herinner sterker aan die van die "speurder".<sup>56</sup> Dit hang ook saam met die uitgangspunt dat die grootste verskil tussen historiese (geslote) en wetenskaplike (oop) waarneming, moet gesoek word in die feit dat die historikus nie in laboratoriumomstandighede 'n gebeurtenis kan herhaal nie. Hierdie en soortgelyke argumente is ietwat archaïes en irrelevant. Daar is, met uitsondering van Bloch, min aanduidings dat die skrywers konstruktief gepoog het om bronne te identifiseer en meer praktykgerigte leiding te gee in die benutting van waarneming as tegniek.

Marc Bloch, een van die grondleggers van die Franse Annalesskool van historici, se omvangryke en gedetailleerde aannames oor waarneming wat uit die laat dertiger en vroeë veertigerjare dateer, kan as gesaghebbend vir die tydperk tot die tagtigerjare beskou word. Volgens hom het waarneming betrekking op die insameling van kennis oor alle menslike aktiwiteite in die verlede en die hede. Dit is kennis wat opgebou word met behulp van alle oorblywende menslike "spore".<sup>57</sup> Bloch het in sy ekonomiese en landelike studies, die patroon van die verlede in die hede waargeneem en materiële kultuurbindings tussen die hede en verlede gesoek.<sup>58</sup> Daar word na sy spesifieke benadering tot waarneming ook as regressie verwys. Dit kom neer op die bestudering van die verlede deur fenomene wat in die hede bestaan en in 'n mindere of meerdere mate as 'n oorblyfsel uit die verlede beskou kan word.<sup>59</sup>

Een tekortkoming van hierdie benadering tot waarneming is dat dit slegs gedeeltelik van die volle potensiaal van die waarnemingstegniek gebruik maak. Daar word aanvaar dat waarneming nie net gaan om die identifisering van 'n teorie om meer ooreenkomste in soortgelyke ontwikkelinge in die verlede na te gaan nie. Veel eerder word daarmee rekening gehou dat die waarneembaarheid van bepaalde verskynsels soos byvoorbeeld gebruike in die verlede, wel kan verdwyn wanneer dit vervang word met ander gebruike of konvensies.<sup>60</sup> Destyds, waarskynlik weens die afwesigheid van toereikende tegnologiese middele, is daar ook nie kennis geneem van waarneming wat berus op die benutting van bronne wat oor geheuefunksies beskik om 'n eenmalige historiese gebeurtenis, weer waarneembaar te maak nie.

Ofskoon die waarde van byvoorbeeld film as historiese bron reeds in 1898 in Frankryk raak gesien is,<sup>61</sup> het historici eers teen die einde van die veertigerjare van die twintigste eeu begin om daarvan gebruik te maak. Die belangrikste studie uit die tyd is gedoen deur Siegfried Kracauer wat in die konteks van die filmteoretiese realistiek daadwerklik bewys gelewer het van die potensiaal wat hierdie medium vir historiese navorsing ingehou het.<sup>62</sup>

---

56. R.C. Allen en D. Gomery, *Film history theory and practice* (New York, 1985), p. 10.

57. M. Bloch, *The historian's craft*, pp. 54-55.

58. C. Fink, *Marc Bloch: A life in history* (Cambridge, 1989), pp. 122-123.

59. A. Marwick, *The nature of history*, pp. 79-80, 403.

60. M. Nowakowska, *Cognitive sciences: Basic problems, new perspectives, and implications for artificial intelligence* (San Diego, 1986), pp. 61-62.

61. M.A. Jackson, "Film as a source material: Some preliminary notes toward a methodology", in *Journal of Interdisciplinary History* 4(1), 1973, p. 73.

62. M.A. Jackson, "Film as a source material: Some preliminary notes toward a methodology", in *Journal of Interdisciplinary History* 4(1), 1973, p. 79. Kracauer se seminale werk, *From Caligari to Hitler: A psychological history of the German film*, is in 1947 deur Princeton Universiteit in die VSA uitgegee.

Die waardering en benutting van oudiovisuele tegnologie het gelykluidend met ontwikkeling van 'n meer teoretiese aard in die algemene wetenskapsfilosofie plaasgevind. Dit sou ook die belangstelling van navorsers in die menswetenskappe prikkel. In die vyftigerjare het N.R. Hanson in sy werk *Patterns of discovery*, verklaar dat die waarnemer se eie verwysingsraamwerk 'n belangrike invloed uitoefen op dit wat waargeneem word.<sup>63</sup> Trouens, daar is aanvaar dat aannames oor teorieë wat gebaseer is op 'n grondslag van *secure unquestionable, objective and theory-neutral observation* eenvoudig nie meer geldig was nie.<sup>64</sup>

Die besef dat inter-subjektiewiteit 'n realiteit was waarmee rekening gehou moet word, het die interafhanklikheid van dissiplines, nie net tussen die menswetenskappe en die natuurwetenskappe nie, maar ook tussen die menswetenskappe onderling, tot gevolg gehad. Toenemend is daar op interdissiplinêre navorsing gekonsentreer. Die waarnemingstegniek het hier 'n gemeenplaa vir samewerking tussen dissiplines geword. Hier dien net verwys te word na die ontwikkeling van byvoorbeeld antropologie, argeologie en veral 'n hulpdissipline soos etnobotanie, waarin daar gelet word op die wyse waarop 'n gegewe menslike gemeenskap die beskikbare botaniese bronne in die omgewing klassifiseer en benut.<sup>65</sup> Daarby het veral die benutting van paleobotanie<sup>66</sup> as tegniek om akkurate datering in die hand te werk, veral mondelinge geskiedenis aansienlik tot voordeel gestrek.<sup>67</sup>

Gesien teen hierdie agtergrond, en met inagneming van die omvangryke metodologiese vraagstelling wat tans in die menswetenskappe aan die orde van die dag is, word weer eens indringend na waarneming in die geskiedenis as dissipline gekyk. Een van die vooraanstaande kontemporêre navorsers op die terrein, P. Kosso, gaan van die standpunt uit dat alle waarneming in werklikheid waarnemings van die verlede is. Die voorwerpe wat ons sien in ons daaglikse kontak met die wêreld en in die wetenskap mag van 'n blywende aard wees, maar wat ons daarvan weet uit waarneming, is altyd in die verlede. Dit is inligting van omstandighede wat plaasgevind het toe die informatiewe sein die objek verlaat het, en aangesien enige informatiewe sein teen 'n bepaalde spoed beweeg, is daar noodwendig 'n tydsverloop tussen die gebeurtenis en ons kennis daarvan.<sup>68</sup>

Die standpuntinname van Kosso is een van die eerstes van die jare negentig oor waarneming in die geskiedeniswetenskap. Gesien teen die agtergrond van die realisme wat in die natuurwetenskaplike gemeenskap posgevat het, is dit insiggewend dat Kosso steeds as wesentlike vertrekpunt sien die algemeen aanvaarde beginsel dat daar 'n onderskeid is tussen historiese studies en natuurwetenskap. Hy verklaar daar is 'n "beweerde" waarnemingsnadeel vir die historikus.

- 
63. D.C. Phillips, *Philosophy, science and social inquiry: Contemporary methodological controversies in social science and related applied fields of research* (Oxford, 1987), p. 9; P.H. Steedman, "On the relations between seeing, interpreting and knowing", in F. Steier (red.), *Research and reflexivity* (Londen, 1991), p. 54.
  64. D.C. Phillips, *Philosophy, science and social inquiry: Contemporary methodological controversies in social science and related applied fields of research*, p. 8; A. Sayer, *Method in social science: A realist approach*, p. 45.
  65. C. Seymour-Smith, *MacMillan dictionary of anthropology* (Londen, 1992), p. 96.
  66. A. Marwick, *The nature of history*, p. 401; J. Ki-Zerbo (red.), *General history of Africa I: Methodology and African history* (Verkorte weergawe, Kalifornië, herdruk 1990), p. 30.
  67. J. Vansina, *Oral tradition as history* (Londen, 1985), p. 185; R.J. Shafer (ed.), *A guide to historical method* (Derde uitgawe, Homewood, 1980), p. 88.
  68. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 23.

The intuition behind this distinction has it that since all of the objects and events of interest to the historian or archaeologist are dead and gone, they are not amenable to observation. There is nothing equivalent to a telescope or a microscope with which a viewer in 1992 can bring an image of the Persian wars ... We are limited in principle to second-hand accounts as seen and reported by other (themselves dead and gone) and to scraps of material remains. Like an earnest jury at a trial, historians, by the nature of their task, can see and hear the testimony of witnesses and the preserved material evidence but never the crime itself.<sup>69</sup>

Hy gaan dan verder deur aan te dui dat alle waarneming in werklikheid waarneming van die verlede is. Die objekte wat in die alledaagse kontak met die wêreld waargeneem word en in die wetenskap bestaan, mag voortduur, maar wat daarvoor bekend is uit waarneming is altyd uit die verlede.

It is information of conditions at the time the informative signal left the object, and since any informative signal must travel at finite speed there is necessarily a passage of time between an event and our knowing about it through observation.<sup>70</sup>

Verder verduidelik hy, binne die raamwerk van die natuurwetenskaplike teorie, dat inligting gewoonlik teen die spoed van lig deurgestuurd word. Daar is geen teenpool nie. Verder beteken stadiger seine dat nader objekte waargeneem kan word soos hulle was in die meer verre verlede.

If light alone could transmit observational information, then its immutable speed would force a strict correlation between how far away an object is and how much time elapses between an event and our observation of it. Only very distant objects could be observed as they were at any significant time in the past, and nothing nearby, surely nothing on the earth, would be observable except as it was microseconds ago.<sup>71</sup>

Ter versterking van hierdie redenasie wys hy daarop dat baie van die informasionele media wat gebruik word om in die wetenskap mee te kommunikeer en die waarheid vas te stel, in werklikheid nie deur middel van lig gedoen word nie.

Much of what is known about the bulk of our planet, for example, is of an image formed not by light waves but by seismic waves. These waves of oscillation in the earth will reflect and bend in ways similar to light and can be used to reveal and image tectonic features deep underground. This is the only view of the deep structure of the planet, and its reliability is based on an understanding of the behavior of seismic waves, the medium of information. Like an ultrasonic image of a fetus in the womb, it allows observation in circumstances where light doesn't shine.<sup>72</sup>

---

69. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 22.

70. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 23.

71. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 25.

72. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 27.

Die kruis van sy argument is:

Scientific observation ... is observation, all things considered. It depends on an understanding of how the image was formed, that is, how the information got from the object of an observation report to the reporter.<sup>73</sup>

Dit is moontlik deur verantwoording te doen vir die wyse waarop die waarneming plaasgevind het. Sodoende kan waarnemingsaannames gelegitimeer word.<sup>74</sup>

Die grootste kritiek wat teen Kosso gerig kan word, lê juis op die terrein van waarnemingsaannames. Hy suggereer dat 'n verantwoording van die wyse (metodologie) waarvolgens waarnemings gedoen word, uitsluitel (geldigheid) sal gee met betrekking tot die aannames wat gemaak word. Dit is 'n standpunt wat met die grootste omsigtigheid benader moet word. Spekulatiewe formulering het in die verlede juis in die sosiale wetenskappe daartoe aanleiding gegee dat 'n algemene aanvaarding vir sekere konsepte posgevat het. In die omgangstaal is gemeen dat hierdie konsepte "waarneembaar" was, sonder dat dit empiries bewys is. Die gebrek aan oordeelkundige fundering by wyse van die konstruktiewe waarneming van verskynsels het gevolglik tot foutwerking aanleiding gegee en sodoende kritiek uitgelok.<sup>75</sup> Georg Simmel (1858-1918), 'n Kantiaanse geskiedsfilosoof, het reeds aan die begin van die twintigste eeu met reg daarop gewys hoe maklik dit vir die waarnemer is om toevoegings tot die waargenome werklikheid te maak na aanleiding van die mens se persoonlike verwysingsraamwerk.<sup>76</sup> Daarteen moet gewaak word. Ongetoetste aannames uit waarneming, soos deur Kosso voorgestel word, moet gevolglik met omsigtigheid gebruik word. Terwyl Kosso, soos Bloch, geredelik toegee dat daar 'n toenemende indirektheid aanwesig is in die proses van waarneming, weens die feit dat dit voortdurend verder in die verlede in beweeg,<sup>77</sup> is historiese studies, net soos die natuurwetenskap, daartoe in staat om met vroeë oor inligting en verantwoordbaarheid te analiseer en waarnemingsverslae die lig te laat sien.<sup>78</sup>

Die benadering van Kosso het 'n situasie in die hand gewerk waarin daar nouliks 'n groot onderskeid tussen natuur- en kultuurwetenskap behoort te wees. Terwyl daar eendersyds 'n geneigdheid is om teorieformulering as 'n primêre doelwit van waarneming in die kultuurwetenskap uit te faseer, is daar andersyds in die natuurwetenskap 'n bereidwilligheid om van eenmaligheid kennis te neem. In die geskiedenis het dit nou moontlik geword om konsepte wat in ander wetenskappe gebesig word, te akkomodeer. Hier word byvoorbeeld gedink aan die "mikro-" en "makro"-benadering wat in die ekonomiese wetenskap sedert die laat sestigerjare aangewend is om nuwere tendense in die ekonomiese stelsels na te spoor.<sup>79</sup>

In Italië het die dissipline van mikrogeskiedenis die volgende dekade, veral as gevolg van die werk van Carlo Ginsburg, soos *The cheese and the worms: The cosmos of a sixteenth century miller* (in Italiaans gepubliseer in 1976), die aandag van professionele historici

73. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 27.

74. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 28.

75. A. Sayer, *Method in social science: A realist approach*, pp. 53-54.

76. G. Simmel, *The problems of the philosophy of history: An epistemological essay* (Vertaling van tweede uitgawe van 1905 deur G. Oakes (New York, 1977), pp. 44-46.

77. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 30.

78. P. Kosso, "Observation of the past", in *History and Theory* 31(1), 1992, p. 31.

79. W. Milberg, "Natural order and postmodernism in economic thought", in *Social Research* 60(2), 1993, pp. 269, 271.

getrek<sup>80</sup> en 'n voorbeeld vir nuwe ontwikkelinge in die dissipline gestel.<sup>81</sup> In mikrogeskiedenis het die waarnemingstegniek 'n belangrike rol gespeel. In hierdie dissipline, wat aansluit by die *la vie quotidienne*-gedagte van die Franse en *Alltagsgeschichte* van die Duitse historici,<sup>82</sup> word byvoorbeeld van die standpunt uitgegaan dat die waarneming van skaal mikrogeskiedenis van ander vorme van geskiedenisnavorsing onderskei. Daarmee saam hang dan die erkenning van die belangrikheid van waarneming. Trouens die sterkste saambindende beginsel van alle mikrohistoriese navorsing is die oortuiging dat mikroskopiese waarneming elemente van realiteit laat uitkristaliseer wat voorheen nooit waargeneem is nie.<sup>83</sup> Nieteenstaande die kritiek wat teen die mikrohistoriese benadering uitgespreek word,<sup>84</sup> is dit steeds 'n belangrike vertrekpunt wanneer daar na die potensiaal van die waarnemingstegniek ondersoek ingestel word.

Ook die post-modernistiese diskoers, waarna hierbo verwys is, het toenemend op die terrein van die geskiedenis na vore gekom.<sup>85</sup> In die konteks van hierdie benadering word waarneming gelyk gestel aan die "die lees van 'n teks", wat bepaalde semiotiese vereistes stel.<sup>86</sup> Eendersyds dui dit op 'n kennisname van die waarnemingstegniek. Andersyds kan tot die gevolgtrekking gekom word dat nuwe perspektiewe opnuut inhoud en sin aan waarneming verleen.

### Subjektiwiteit en die dimensionaliteit van waarneming

Die aanvaarding van enige tegniek in die metodologie van die wetenskap hang af van die mate waartoe dit in staat is om bepaalde vrae te beantwoord. Dit is 'n ope vraag in hoeverre waarneming as sui generis-tegniek daartoe in staat is om 'n omvattende nuwe benadering tot die geskiedenis daar te stel. Dit sal ook nouliks enige van die geykte navorsingstegnieke kan vervang. Veel eerder is die vertoog dat waarneming 'n gedeeltelike bydrae tot beter begrip van die geskiedenis kan gee, aangesien dit die benutting van bepaalde bronne moontlik maak, en terselfdertyd die verledenswerklikheid op 'n besondere manier laat uitkristaliseer. As voorbeeld kan gelet word op die insigte wat tuisgebring word wanneer daar van waarneming binne die raamwerk van dimensionaliteit kennis geneem word.

In 'n eendimensionele konteks kan daar van die standpunt uitgegaan word dat die historikus altyd in sy waarneming beperk is. Daarby is waarneming ook subjektief. Die begrip "subjektief" het in hierdie konteks grootliks betrekking op 'n onbewuste en omstandigheidsbepaalde toestand.

- 
80. J. Sharpe, "History from below", in P. Burke (red.), *New perspectives on historical writing*, pp. 30, 40.
  81. P.B.M. Blaas, "Esthetische geschiedsfilosofie", in *Tijdschrift voor geschiedenis* 106(1), 1993, pp. 42-43; P. Burke, *History and social theory*, pp. 41-42.
  82. Fokus op die alledaagse. Kyk P.M. Rosenau, *Post-modernism and the social sciences: Insights, inroads, and intrusions* (Princeton, 1992), pp. 83-84; P. Burke (red.), *New perspectives on historical writing*, p. 11.
  83. G. Levi, "On microhistory", in P. Burke (red.), *New perspectives on historical writing*, p. 97.
  84. P.B.M. Blaas, "Esthetische geschiedsfilosofie", in *Tijdschrift voor geschiedenis* 106(1), 1993, pp. 42-43; P. Burke, *History and social theory* (Cambridge, 1992), pp. 41, 43.
  85. W. Kansteiner, "Hayden White's critique of the writing of history", in *History and Theory* 32(3), 1993, pp. 273-295; F.R. Ankersmit, "Historiography and postmodernism", in *History and Theory* 28(2) 1989, pp. 137-153.
  86. P.M. Rosenau, *Post-modernism and the social sciences: Insights, inroads, and intrusions*, p. 8.

Fisieke milieu		Status
Wêreld	>	< Mens
Halfmond	>	< Wêreldburger
Kontinentaal	>	< Beskawing
		X Waarnemer
Nasionaal	>	< Samelewing
Streek	>	< Gemeenskap
Plaaslik	>	< Individu

Die waarnemer verkeer ewigdurend in 'n wisselende interaksionele verhouding tot die fisieke milieu en die onderwerp wat waargeneem word. Die relatiewe status wat beklee word deur die waarnemer is meereendeels een wat onbewustelik self geïdentifiseer en opgelê word. Fisieke posisionering maak waarneming binne 'n sektorale verband in sommige opsigte makliker as in ander.

Dit is vanuit die staanspoor belangrik om daarop te wys dat die miskenning van die outeur van die teks, soos in die semiotiese<sup>87</sup> en die resepsieteorie<sup>88</sup> gebruiklik geword het, nie in die waarneming van die geskiedenis geldig is nie. Dit sal 'n miskenning van die verfynde narratiewe karakter van geskiedskrywing en die dissipline verbonde daaraan impliseer. Dit is trouens nodig om juis meer van die "status" van die outeur te weet.<sup>89</sup> Berger, in sy uiteensetting van die wyse waarop waargeneem kan word, negeer byvoorbeeld die waarnemer.<sup>90</sup> Dit getuig van 'n eendimensionele uiteensetting. Die miskenning van die waarnemer is 'n miskenning van die natuurlike en ingeboude vooroordeel wat vanselfsprekend by die proses van waarneming en die beoordeling daarvan ter sprake kom. Want in die woorde van Simmel

... if my personal identity is eliminated, then there is nothing left for me to use in order to comprehend whatever lies beyond it.<sup>91</sup>

In die geskiedenisdissipline is dit gebruiklik dat die skyn van "onbetrokkenheid" voorgehou word wanneer selde na die eerste persoon in die teks verwys word. Opsigself het hierdie benadering van historici, waarin die "wetenskaplikheid" van hulle werk verder afgestempel is, baie respek by die vroeë pioniers van die semiotiek afgedwing.<sup>92</sup>

Dimensionele waarneming word meer kompleks wanneer dit binne die raamwerk van 'n dimensionaliteitsverhouding weergegee word. Die historikus is by uitnemendheid 'n "dimensielose" waarnemer van die verlede. In effek word na die verlede gekyk soos na 'n kaleidoskoop. Die kleurvolle patrone wat uitkristaliseer is verteenwoordigend van die

87. R. Barthes, *Image music text* (Vertaal deur S. Heath, New York, 1977), pp. 142-148.

88. Kyk o.m. M.P. Thompson, "Reception theory and the interpretation of historical meaning", in *History and Theory* 32(3), 1993, pp. 248-272. (Uit 'n kritiese evaluering van die betrokke teks wil dit voorkom asof hierdie tekskonstruksie in die laat sewentiger en vroeë tagtigerjare onderneem is. Die inhoud dien tog as 'n waardevolle riglyn vir historici wat daarvan wil gebruik maak.) Dit is egter 'n ope vraag of die miskenning van die outeur noodwendig tot 'n beter resepsie van die verlede aanleiding sal gee.

89. T. Söderqvist, "Biography or ethnobiography or Both? Embodied reflexivity and the deconstruction of knowledge-power", in F. Steier (red.), *Research and reflexivity*, pp. 155-156.


90. A.A. Berger, *Film, in Society* (New Brunswick, 1980), p. 10.

91. G. Simmel, *The problems of the philosophy of history: An epistemological essay*, p. 88.

92. A. Marwick, *The nature of history*, pp. 110-111; J. Culler, *Barthes* (Glasgow, 1983), pp. 24-32, 42-46.

uittenlopende wyse waarop verskillende historici, met presies dieselfde materiaal tot hulle beskikking, die verlede waarneem. Waarvan daar egter nie kennis geneem word nie, is die feit dat, danksy die beperkte gegewens om 'n inferensie van die verlede te maak, asook die beperkte middele om daardie verledenswerklikheid weer te gee, is daar 'n gebrek aan dimensionaliteit. Die verskillende spore van die verlede lê op 'n bepaalde manier opmekaar gestapel. Die patroon en die verskillende kleure is meer dominant as die dimensionaliteit van die onderskeie eenhede.

Waarneming vind plaas binne die raamwerk van drie komponente, te wete die objek wat waargeneem word, die toerusting/apparatuur waarmee waargeneem word, en die sensasies wat geaktiveer word om, dit wat waargeneem word, in verstaanbare seine te verwerk. Hierdie komponente is aangewese op spontane lokaliteite binne waarnemingsdimensies. Daar kan by wyse van voorbeeld geabstraheer word in die vorm van 'n dimensionele voorwerp.



Binne hierdie raamwerk is die waarnemingskern, X, die waargeneemde en die bepaalde terrein wat deur die waarnemer raakgesien word. A1, B1, C1 en D1 is die eerste dimensie en A2, B2, C2 en D2 die tweede dimensie van die raamwerk waarbinne waarneming plaasvind. Dimensionaliteit verleen aan die verskynsel 'n tyd-ruimtelike identiteit of konstantheid.

Die aaneenskakeling van verskillende eenhede wat waargeneem en verwerk is, is inderdaad die verhaal van die geskiedenis wat waargeneem is. Die waarnemer het vanuit 'n bepaalde waarnemingsperspektief na die verlede gekyk en 'n beeld daarvan weergegee wat saamgestel is uit waarnemings vanuit 'n verskeidenheid van bronne. Die saamgestelde beeld van hierdie waarnemings verteenwoordig 'n aaneengeskakelde reeks waarnemingseenhede wat in verskillende dimensies met mekaar aansluiting vind. Hoewel die waarnemer in elk van die onderskeie eenhede waarneembaar is, sal hy ook op 'n afstand en vanuit verskillende perspektiewe die aaneengeskakelde "teks" kan waarneem as 'n historiese realiteit.

Die historiese werk is dus opsigself 'n stuk waargenome geskiedenis waarvan 'n weergawe deur 'n waarnemer waargeneem word. Die aksente of voorkeure van die waarnemer gee daartoe aanleiding dat die waargenome verlede waarskynlik aansienlik anders daaruit sal sien as dit wat die eerste waarnemer (teksposteller) ten doel gehad het. Dit is grootliks die resultaat van die feit dat die teorieë wat bepaalde waarnemings moontlik maak, nie by alle waarnemers op dieselfde wyse aanwesig is nie.

Die dimensionaliteit van die waargenome historiese bron verskil van waarnemer tot waarnemer. Daarby moet die bron ook geklassifiseer word. In die sosiale wetenskappe word verwerkte gegewens as "data" bestempel. Data ('n Latynse term wat beteken dinge



wat gegewe is) kan op uiteenlopende maniere geïnterpreteer word. In die eerste plek is daar die gegewens wat ingesamel en verwerk is in 'n opname of statistiek. Hierdie gegewens word as "ongeskende inligting" deur die gebruikers daarvan voorgelê. *Sense data* of sindata is die tweede soort inligting en kan beskou word as die gegewens wat uit waarneming verkry word. Dit is materiaal wat gebaseer is op voorafgekonstrueerde denk-indrukke wat die waarneming daarvan moontlik gemaak het. Kritiek, dat *sense data* op vooroordele berus, is nie ten volle aanvaarbaar nie want:

Nothing means anything on its own. Meaning comes not from seeing or even observation alone, for there is no 'alone' of this sort. Neither is meaning lying around in nature waiting to be scooped up by the senses; rather it is constructed.<sup>93</sup>

Die konstruksie, dekonstruksie of rekonstruksie van die gegewens is in wese die wyse waarop die bron waargeneem word. Veral in die geskiedenis is daar, weens die ideologiese lading van 'n onderliggende simboliek, min sprake van 'n onbevooroordeelde kultuurgeskakeerde sin vir data. Dit sou in elk geval waardeloos wees.

Die dimensionaliteit van waarneming is en bly omvangryk van aard juis as gevolg van die feit dat dit aangewese is op bepaalde konstruksies wat daaraan gestalte, substansie of realiteit gee. Dit kan daartoe bydra dat ons kennis en insig omtrent subjektiwiteit en intersubjektiwiteit, aansienlik mag verander.

### Metodologiese behoefte: Tegnologie en apparatuur

In die bespreking, tot dusver, is gepoog om aan te dui dat waarneming as tegniek inderdaad reeds 'n stempel in die dissipline van geskiedenis afgedruk het. Die tegniek kan filosofies verantwoord word. In die praktyk wil dit egter voorkom, bestaan daar 'n mate van huiwer aan die kant van historici om die tegniek meer te gebruik. Dit is jammer aangesien daar 'n groot behoefte bestaan vir toereikende metodologiese grondslae om nuwe soorte bronne te interpreteer.

Daar word aanvaar dat een van die belangrikste vereistes vir groter regstreekse insigte in die verlede neerkom op die beskikbaarheid van die nodige apparatuur om waarneming moontlik te maak. Hierbo is aangedui hoe wetenskaplike waarnemers van die Renaissance toerusting gebruik het om waarnemings te maak. Die vraag is: Het historici genoeg apparatuur om die verlede waar te neem? Daaraan blyk daar in hierdie stadium geen tekort te wees nie. As gelet word op die ontwikkeling van oudiovisuele tegnologie in die milieu van menslike kommunikasie oor die afgelope eeu, is dit duidelik dat die veld van historiese navorsing meer omvangryk geword het. Oudio-visuele tegnologie wat oor geheuefunksies of retensiewe fasiliteite beskik, is vrylik bekombaar en is reeds met welslae op 'n magdom terreine aangewend. Hier word byvoorbeeld gedink aan die radio, film, televisie, magnetiese en digitale klankopname toerusting, kameras wat op film en deur middel van videotegnologie opneem en 'n verskeidenheid toerusting wat op lasertegnologie steun om klank en beeld weer te gee.

Tog skitter historici in hul afwesigheid wanneer dit kom by die gebruik van hierdie apparatuur. Die rede daarvoor kan aan bepaalde faktore toegeskryf word: Historici is nie vertrouwd met die bronne wat tot hulle beskikking is nie; die getal historici wat van hierdie

---

93. P.H. Steedman, "On the relations between seeing, interpreting and knowing", in F. Steier (red.) *Research and reflexivity*, p. 54.

bronne as beoefenaars van eietydse geskiedenis gebruik maak, is betreklik min; daar is ontoereikende kundigheid oor die metodologie wat gebruik moet word om navorsing uit hierdie bronne te doen; en laastens is oudiovisuele bronne moeilik verkrygbaar en ontoeganklik vir historici. Dit is grootliks as gevolg van 'n gebrek aan toereikende skakeling met verantwoordelike instansies en die praktiese kundigheid wat nodig is vir die historikus om hierdie bronne te ontsluit.<sup>94</sup>

Hoewel hierdie redes besonder relevant is, kan aanvaar word dat historici, wat dit wil waag om verkennend te werk te gaan, goeie resultate sal kry. Daar lê by onder meer die radiodiens se klankargief van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK), die program-, sport- en nuusargief van die SAUK se TV-diens, asook by die Nasionale Klank-, Film-, en Video-argief 'n magdom inliging wat net wag vir die vindingryke en verbeeldingryke historikus om te interpreteer. Dat historici van die volgende eeu toenemend op hierdie tipe bronne aangewese gaan wees, is nie te betwyfel nie.

## Gevolgtrekking

Die rol van geskiedenis as dissipline in die ontsluiting van kundigheid en kennis oor die menslike verlede - en toekoms - kan nouliks oorskat word. Daar bestaan egter 'n wesentlike behoefte om in 'n groter mate meer van nuwe materiaal gebruik te maak. As dissipline behoort geskiedenis te deel in die opwindende velde wat deur tegnologie in die twintigste eeu geopen is. Die vakgebied kan net daarby baat vind. Terselfdertyd kan die praktiese relevansie van die dissipline in die praktyk onderstreep word.

Dat die visuele media tans voorskryf hoe die hede en die verlede waargeneem behoort te word, is verseker. Dit is ook verstaanbaar. Sodat vyfhonderd jaar gelede het die ontwikkeling van drukperstegnologie tot 'n geletterdeheidskultuur aanleiding gegee. Bepaalde kulturele waardes is daardeur afgestempel. Historici het dienoooreenkomstig gereageer en deur middel van klassifikasie en metodologiese riglyne beginsels vir die evaluering van hierdie bronne neergelê. Dieselfde geld tans vir film- en televisietegnologie. Dit is die resultaat van 'n industrieel-verstedelike beskawing. Gevolglik kan hierdie belangrike manifestasie van die "kitskultuur nie misken word nie".<sup>95</sup> Dit is nodig vir die historikus om metodologies met hierdie medium wat waarneming, al is dit net onregstreeks en gedeeltelik, moontlik kan maak, van naderby kennis te maak.

In 1992 het die Britse historikus Alan Palmer daarop gewys dat die wyse waarop nuusgebeure blitsvinnig deur die wêreld versprei word, 'n bepalende invloed uitoefen op die wyse waarop hierdie gebeure histories ontvou. In die besonder het hy die hongersnood in Afrika (1985), die menseslagting op Tiananmenplein in China (1989) en die Tweede Golfoorlog (1991) as voorbeelde aangestip.<sup>96</sup>

'n Meer kundige publiek wat op die hoogte van sake is insoverre dit kontemporêre gebeure betref, stel bepaalde eise aan die historikus. Eerstens word daar van die historikus verwag om baie meer getrou te wees aan die feite in die interpretasie van die verlede, om meer kreatief te wees in die analise van die verlede, en ook om aan die hand van dieselfde bronne waaraan die algemene kyker blootgestel was, 'n beeld van dit wat gebeur het weer te gee.

---

94. Hierdie en ander knelpunte is tans die onderwerp van ondersoek deur die skrywer. 'n Meer omvattende en praktykgerigte studie sal na verwagting teen die einde van 1995 afgehandel wees.

95. J. Fiske en J. Hartley, *Reading television* (Herdruk van die 1978 weergawe, Londen, 1990), pp. 14-17.

96. E. Palmer, *The Penguin dictionary of twentieth century history* (Vierde uitgawe, Harmondsworth, 1992), p. 388.

Ofskoon die verantwoordelikheid van die historikus aansienlik toegeneem het, beteken dit ook dat daar meer geleentede vir historiese produksie is. Een voorbeeld is die Golfoorlog. Aan die begin van 1991 het miljoene televisiekykers wêreldwyd die geleentheid gehad om letterlik in hul voorkamers "waarnemers" te word van die oorlog in die Persiese Golf. Die televisienetwerk Cable News Network (CNN), wat reeds in 1980 as 'n nuusnetwerk begin het,<sup>97</sup> het oornag wêreldbekend geword. Hierdie blitstegnologie het omvangryke implikasies vir die uitsaaibedryf en selfs die geskiedenisdissipline ingehou. Die televisie beriggewer is gesien as 'n eietydse- en selfs 'n kits-historikus.<sup>98</sup>

Vir die geskiedskrywing het hierdie kitsgeskiedenis en die algemene belangstelling daarin voordele ingehou. Enkele weke na die oorlog het 'n populêre geskiedenis daaroor uit die pen van Bob Woodward van Watergate-faam die lig gesien.<sup>99</sup> Ses maande nadat die oorlog tot 'n einde gekom het, was nie minder nie as 40 boeke, net in die Verenigde State van Amerika oor die onderwerp van die oorlog gepubliseer.<sup>100</sup> Die afleiding wat noodwendig gemaak kan word, is dat meer algemene kennis en kundigheid oor historiese gebeure, gee daartoe aanleiding dat daar 'n vraag na historiese werke ontstaan. Vir die historikus is dit 'n geleentheid waarvan gebruik gemaak behoort te word.

Ten slotte, die historikus van die eerste veelrassige demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994, sal nouliks sonder die waarnemingstegniek 'n volwaardige beeld van die historiese proses kan weergee. Dit sal noodsaaklik wees om die verlede in die audio-visuele weergawe van die televisie-medium waar te neem.

- 
97. F.C. Schreibman, "An overview of television archives in the United States", in A. Hanford (red.), *Panorama of audiovisual archives* (Londen, 1986), p. 31.
  98. B. Zelizer, "CNN, the Gulf War, and journalistic practice", in *Journal of Communication* 42(1), 1992, pp. 66-81.
  99. R. Woodward, *The commanders* (New York 1991). Vir 'n resensie oor die werk, kyk J.R. McDonough, "The commanders", in *Military Review* 71(7), Julie 1991, pp. 87-88.
  100. Anon., "Middle East bibliography", in *Military Review* 71(9), September 1991, pp. 111-112. Die betrokke uitgawe van die tydskrif handel uitsluitlik oor die Golfoorlog.